#### LIMITATION OF OPTIONAL PORTS OF DESTINATION.

9. (1) No person may, except with permission granted by the Treasury or by an authorised dealer and in accordance with such conditions as the Treasury or authorised dealer may impose, consign any goods to any destination other than that specified in the Declaration in regard to Foreign Exchange Proceeds of Exports prescribed in terms of sub-regulation (10) (a) of regulation 6, unless the other destination is in the same monetary area, or give or accept instructions after the despatch of the goods for the diversion thereof to any other destination unless such other destination is in the same monetary area.

(2) If in any criminal proceedings under this regulation it is proved that goods have been diverted to a country other than that designated as the destination of such goods on the prescribed documents submitted to and accepted by the Republic authorities to cover the outward consignment of such goods, then it shall be presumed, until the contrary is proved, that the goods were consigned to and received in such other country and not the country designated on such documents.

(3) Die bepalings van subregulasie (2) van hierdie regulasie lê niemand 'n verpligting ten opsigte van enige vreemde bate op nie as hy, ten opsigte van daardie vreemde bate, van die bepalings van hierdie regulasie deur die Tesourie vrygestel is.

(4) Die Tesourie mag enige vrystelling wat kragtens subregulasie (3) van hierdie regulasie verleen is, intrek.

(5) Vir die toepassing van hierdie regulasie word, totdat die teendeel bewys word, geag dat enigeen wat te eniger tyd sedert die datum van publikasie van hierdie regulasie in die Republiek was, in die Republiek woonagtig was en nog woonagtig is.

#### BEVOEGDHEID OM BETAALMIDDELS TEN OPSIGTE VAN SEKERE TRANSAKSIES VOOR TE SKRYF.

8. (1) Die Tesourie kan, wat betref in- en uitvoer of ander transaksies wat betaling tussen persone in die Republiek en persone buite die Republiek meebring, van tyd tot tyd deur middel van kennisgewings in die *Staatskoerant* of by wyse van instruksies aan gemagtigde handelaars, voorskryf in watter betaalmiddel of betaalmiddels of op watter wyse betaling gedoen of nie gedoen moet word nie, en niemand mag, behalwe met die vergunning van die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie of gemagtigde handelaar mag stel, betaling in 'n ander betaalmiddel of betaalmiddels of op 'n ander wyse as dié wat aldus voorgeskryf is, doen of ontvang nie.

(2) Sonder om afbreuk te doen aan die algemene strekking van die bepalings van subregulasie (1) kan 'n kennisgewing en instruksies kragtens genoemde subregulasie betrekking hê op betalings (insluitende enige besondere betaling)—

(a) in verband met die invoer of uitvoer van 'n handelsartikel in die kennisgewing of instruksies gespesifiseer—

- (i) uit of na alle lande; of
- (ii) uit of na alle lande uitgesonderd 'n land in die kennisgewing of instruksies gespesifiseer; of

(iii) uit of na 'n land aldus gespesifiseer; of

(b) in verband met enige besondere transaksie.

(3) Die bepalings van subregulasie (10) van regulasie 6 is *mutatis mutandis* van toepassing op die uitvoer vanuit die Republiek van 'n handelsartikel na 'n land in verband met die uitvoer waarvan na daardie land die Tesourie kragtens subregulasie (2) hierbo die betaalmiddel of betaalmiddels of die wyse waarop betaling gedoen of nie gedoen moet word nie, voorgeskryf het.

#### BEPERKING VAN ALTERNATIEWE BESTEMMINGHAWENS.

9. (1) Behalwe met die toestemming van die Tesourie of van 'n gemagtigde handelaar en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie of die gemagtigde handelaar mag stel, mag niemand goedere na enige ander bestemming versend as dié vermeld in die Verklaring in sake Vreemde Valuta-opbrengs van Uitvoere, voorgeskryf ingevolge subregulasie (10) (a) van regulasie 6 nie, tensy die ander bestemming in dieselfde monetêre gebied is; of nadat die goedere versend is, opdrag gee of aanvaar vir die verandering van die bestemming daarvan nie tensy sodanige bestemming in dieselfde monetêre gebied is.

(2) As daar in enige strafregtelike proses ingevolge hierdie regulasie bewys word dat goedere gestuur is na 'n ander land as dié aangegee as die bestemming van sodanige goedere op die voorgeskrewe dokumente wat ingedien en deur die Republiek-owerhede aanvaar is ter dekking van die uitstuur van sodanige goedere, dan word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die goedere versend is na en ontvang is in sodanige ander land en nie die land wat op die dokumente aangegee word nie.

# RESTRICTION ON EXPORT OF CAPITAL.

10. (1) No person shall, except with permission granted by the Treasury or by an authorised dealer and in accordance with such conditions as the Treasury or the authorised dealer may impose—

- (a) export from the Republic during any period of twelve months a total quantity of goods which exceeds in value twenty rand or such greater amount as the Treasury may determine, if—
  - (i) no payment for such goods has been or is to be received in the Republic from a person outside the Republic; or
  - (ii) such goods are exported at a price which is less than the value thereof; or
  - (iii) the period within which payment for such goods is to be made exceeds six months from the date of shipment from the Republic or such shorter period as an authorised dealer may determine in respect of such goods;

(b) take out of the Republic goods, including personal apparel, household effects, and jewellery which have a value in excess of six hundred rand or of such greater amount as the Treasury may determine;

(c) enter into any transaction whereby capital or any right to capital is directly or indirectly exported from the Republic.

(2) The provisions of sub-regulations (3), (4) and (5) of regulation 3 shall apply *mutatis mutandis* to goods referred to in sub-regulation (1) (b) of this regulation.

(3) For the purposes of this regulation "value" shall mean the value for customs purposes as defined in section one hundred and eight of the Customs Act, 1955 (No. 55 of 1955).

## ASSIGNMENT TO TREASURY OF RIGHT TO EXPORTED GOODS.

11. (1) Whenever a person has exported goods from the Republic and has failed to sell such goods within six months from the date of shipment from the Republic, or within such shorter period as may have been determined in terms of sub-regulation (1) (a) (iii) of regulation 10, without having permission in terms of sub-regulation (1) of regulation 10 aforesaid to export such goods without sale, or without payment within the period mentioned by sub-regulation (1) (a) (iii) aforesaid, then in such event such person shall within fourteen days from the date of expiry of the said period report in writing to the Treasury or to an authorised dealer that the said goods have not been sold, and the Treasury may thereupon order such person to assign to the Treasury or to a person authorised by the Treasury his right to the said goods.

The sum payable as consideration for any assignment in terms of this regulation shall be such sum as may be determined by or on behalf of the Treasury, but shall not be less than the amount realised by the Treasury after deduction of the cost of realisation.

(2) After the date on which this regulation comes into force, no person shall export any goods on conditions which would preclude him from giving effect to an order issued in terms of sub-regulation (1).

## GOODS PURCHASED OUTSIDE THE REPUBLIC.

12. (1) Whenever a person in the Republic has purchased goods in any country outside the Republic and has paid for or made a payment on account of such goods, but the said goods have not been consigned to the Republic within four months from the date on which such payment was made, such person shall within fourteen days from the date of expiry of the said period of four months report in writing to the Treasury or to an authorised

# BEPERKING OP DIE UITVOER VAN KAPITAAL.

10. (1) Behalwe met die vergunning van die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie of die gemagtigde handelaar mag stel, mag niemand—

(a) gedurende enige tydperk van twaalf maande goedere, wat in geheel twintig rand in waarde te bowe gaan of sodanige groter bedrag as wat die Tesourie mag bepaal, vanuit die Republiek uitvoer nie, as—

(i) daar nie in die Republiek betaling vir sodanige goedere van 'n persoon buite die Republiek ontvang is of sal word nie; of

(ii) sodanige goedere uitgevoer word teen 'n prys wat laer is as die waarde daarvan; of

(iii) die tydperk waarin betaling vir sodanige goedere moet geskied meer as ses maande is, gereken vanaf die datum van verskeping vanuit die Republiek, of so 'n korter tydperk as wat 'n gemagtigde handelaar ten opsigte van sodanige goedere mag bepaal;

(b) goedere, insluitende klerasie, huishoudelike benodigdhede en juweliersware wat seshonderd rand in waarde te bowe gaan of sodanige groter bedrag as wat die Tesourie mag bepaal, uit die Republiek neem nie;

(c) enige transaksie aangaan wat tot gevolg sal hê dat kapitaal of enige reg of kapitaal regstreeks of onregstreeks vanuit die Republiek uitgevoer word nie.

(2) Die bepalings van subregulasies (3), (4) en (5) van regulasie 3 is *mutatis mutandis* van toepassing op goedere genoem in subregulasie (1) (b) van hierdie regulasie.

(3) Vir die toepassing van hierdie regulasie beteken „waarde” die waarde vir doeanedoeleindes soos omskryf in artikel honderd-en-agt van die Doanewet, 1955 (No. 55 van 1955).

## OORDRAG AAN TESOURIE VAN REG OP UITGEVOERDE GOEDERE.

11. (1) Wanneer iemand goedere vanuit die Republiek uitvoer en in gebreke gebly het om daardie goedere te verkoop binne ses maande vanaf die datum van verskeping uit die Republiek of binne sodanige korter tydperk as wat by subregulasie (1) (a) (iii) van regulasie 10 vasgestel mag word, en hy nie kragtens subregulasie (1) van voormelde regulasie 10 vergun is om sulke goedere uit te voer sonder om hulle te verkoop of sonder om betaling daarvoor binne die tydperk vermeld in voormelde subregulasie (1) (a) (iii) te ontvang nie, dan in so 'n geval, moet hy binne veertien dae na verstryking van voormelde tydperk die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar skriftelik in kennis stel dat sulke goedere nie verkoop is nie, en die Tesourie kan dan so iemand beveel om sy reg op sodanige goedere aan die Tesourie, of aan iemand wat die Tesourie daartoe gemagtig het, oor te dra.

Die bedrag betaalbaar as teenprestasie vir 'n oordrag kragtens hierdie regulasie moet so 'n bedrag wees as wat deur of namens die Tesourie vasgestel mag word, maar dit mag nie minder wees nie as die bedrag deur die Tesourie gerealiseer nadat die realiseringskoste afgetrek is.

(2) Na die datum van inwerkingtreding van hierdie regulasie mag niemand goedere uitvoer op voorwaardes wat dit vir hom onmoontlik sal maak om uitvoering te gee aan 'n bevel wat ingevolge subregulasie (1) uitgereik word nie.

## GOEDERE WAT BUITE DIE REPUBLIEK AANGEKOOP IS.

12. (1) Wanneer iemand in die Republiek goedere in 'n land buite die Republiek aangekoop het en geheel of gedeeltelik daarvoor betaal het, maar vermelde goedere nie binne vier maande na die datum van sodanige betaling na die Republiek versend word nie, dan moet so iemand binne veertien dae na verstrykingsdatum van voormelde tydperk van vier maande die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar skriftelik in kennis stel dat die goedere nie na

dealer that the goods have not been consigned to the Republic and the Treasury may thereupon order such person to assign to the Treasury or to a person authorised by the Treasury his right to the said goods.

The sum payable in consideration for any assignment made in accordance with this regulation shall be such as the Treasury may fix but shall not be less than the amount realised by the Treasury after deduction of the cost of realisation.

(2) After the date on which this regulation comes into force no person shall purchase any goods on conditions which would preclude him from giving effect to an order issued in terms of sub-regulation (1).

(3) If in any criminal proceedings against any person for failure to make a report to the Treasury or to an authorised dealer as required by sub-regulation (1), it is proved that such person was unable, after the expiration of a period of six months from the date upon which any payment referred to in the said sub-regulation was made by him, to produce a bill of entry import in respect of the goods in question after having been called upon to do so by the Treasury or by an authorised dealer, it shall be presumed, until the contrary is proved, that the goods in question were not consigned to the Republic within four months from the said date.

(4) No person in the Republic who has purchased any means of transport outside the Republic shall, after such means of transport has been consigned and brought to the Republic, permit such means of transport to leave the Republic for the conveyance of any persons or goods for reward outside the Republic except with the consent of the Treasury and subject to such conditions as the Treasury may impose.

For the purposes of this sub-regulation "means of transport" includes any ship, aircraft, motor vehicle, tractor or roller.

#### PROHIBITION OF EXPORT OF GOODS IMPORTED FROM COUNTRIES OUTSIDE THE STERLING AREA.

13. (1) No person shall, except with permission granted by the Treasury or an authorised dealer, and in accordance with such conditions as the Treasury may impose, export from the Republic any article imported from any country outside the sterling area.

(2) For the purposes of this regulation an article manufactured in the Republic in whole or in part from imported products, materials or parts, shall be deemed to be of South African origin and be deemed not to have been imported from a country outside the sterling area.

(3) In this regulation "manufactured" includes processed or assembled.

#### RESTRICTION ON DEALINGS IN SECURITIES BELONGING TO NON-RESIDENTS.

14. (1) No person shall, without permission granted by the Treasury or a person authorised by the Treasury and in accordance with such conditions as the Treasury or such authorised person may impose—

- (a) acquire or dispose of in any way any controlled security;
- (b) act as nominee for a non-resident or appoint a non-resident as nominee in respect of any dealings in securities;
- (c) make any entry in a security register which involves the transfer of a security into or out of the name of a non-resident;
- (d) change an address of a non-resident in any security register except a change to an address in the same monetary area as that currently recorded in the register;
- (e) enter in a security register or do any act with intent to secure the entry in such register of an address in the Republic if he knows or has reason to believe that the purchaser of the security is a non-resident or that a non-resident has an interest in the security;

die Republiek versend is nie, en die Tesourie kan dan so iemand beveel om sy reg op sulke goedere aan die Tesourie of aan iemand wat die Tesourie daartoe gemagtig het, oor te dra.

Die bedrag betaalbaar as teenprestasie vir 'n oordrag kragtens hierdie regulasie moet sodanige bedrag wees as wat die Tesourie mag vasstel, maar dit mag nie minder wees nie as die bedrag deur die Tesourie gerealiseer nadat die realiseringskoste afgetrek is.

(2) Na die datum van inwerkingtreding van hierdie regulasie mag niemand goedere aankoop op voorwaardes wat hom sal belet om uitvoering te gee aan 'n bevel wat ingevolge subregulasie (1) uitgereik word nie.

(3) As daar in enige strafregtelike proses teen iemand wat versuim het om volgens voorskrif van subregulasie (1) die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar in kennis te stel, bewys word dat so iemand, na die verstryking van ses maande gereken vanaf die datum waarop hy enige betaling genoem in voormelde subregulasie gedoen het, nie in staat was om 'n inklaringsbrief-invoer ten opsigte van die betrokke goedere voor te lê nie nadat die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar hom aangesê het om dit te doen, dan word vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die betrokke goedere nie na die Republiek binne vier maande vanaf voormelde datum versend is nie.

(4) Behalwe met die toestemming van die Tesourie en onderworpe aan die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, mag niemand in die Republiek wat enige vervoermiddel buite die Republiek aangekoop het, toelaat dat sodanige vervoermiddel, nadat dit na die Republiek versend en gebring is, uit die Republiek geneem of gestuur word vir vervoer teen beloning buite die Republiek van eenen of enige goedere nie.

Vir die toepassing van hierdie subregulasie sluit „vervoermiddel" enige skip, lugvaartuig, motorvoertuig, trekker of roller in.

#### VERBOD OP UITVOER VAN GOEDERE INGEVOER VAN LANDE BUITE DIE STERLINGGEBIED.

13. (1) Behalwe met die vergunning van die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, mag niemand enige artikel uitvoer vanuit die Republiek wat ingevoer is van enige land buite die sterlinggebied nie.

(2) Vir die toepassing van hierdie regulasie word 'n artikel wat geheel of gedeeltelik in die Republiek van ingevoerde produkte, stowwe of onderdele vervaardig is, beskou as van Suid-Afrikaanse oorsprong en nie ingevoer van 'n land buite die sterlinggebied te wees nie.

(3) In hierdie regulasie sluit „vervaardig" bewerk of saamgestel in.

#### BEPERKING OP TRANSAKSIES IN GELDWAARDIGE PAPIERE WAT AAN NIE-INWONERS BEHOORT.

14. (1) Behalwe met die toestemming van die Tesourie of van 'n persoon deur die Tesourie gemagtig, en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie of die aldus gemagtigde persoon mag stel, mag niemand—

- (a) enige beheerde geldwaardige papier verkry of op enige manier wegdoen nie;
- (b) as genomineerde namens 'n nie-inwoner optree of 'n nie-inwoner as genomineerde aanstel ten opsigte van enige transaksies in geldwaardige papiere nie;
- (c) enige inskrywing in 'n register van geldwaardige papiere maak wat die oordrag van 'n geldwaardige papier op naam van 'n nie-inwoner of van hom af ten gevolge het nie;
- (d) 'n adres van 'n nie-inwoner in 'n register van geldwaardige papiere verander nie, behalwe 'n verandering in 'n adres in dieselfde monetêre gebied as dié wat in die register aangeteken is;
- (e) 'n adres in die Republiek in 'n register van geldwaardige papiere inskryf of enigiets doen met die bedoeling om inskrywing in so 'n register te bewerkstellig nie, indien hy weet of rede het om aan te neem dat die koper van die geldwaardige papier 'n nie-inwoner is of dat 'n nie-inwoner belang by die geldwaardige papier het;

(f) transfer a security owned by a non-resident or in which a non-resident has an interest from a United Kingdom register or from the London section of a register to a South African register or section of a South African register.

(2) (a) Any person who holds, possesses or has in his custody any controlled securities shall submit such securities to an authorised dealer within thirty days from the date of commencement of this regulation or within thirty days from the date on which he becomes the holder of such securities or on which such securities come into his possession or are placed in his custody whichever is the later date.

(b) The securities submitted in terms of paragraph (a) must be accompanied by a list giving the following particulars:—

- (i) Full name and country of residence of owner or person interested in the securities, together with a signed declaration by the holder that to the best of his knowledge, the owner or interested person is actually resident in the country stated.
- (ii) Name of company or body which issued the securities.
- (iii) Total number of securities.
- (iv) Full name and residential address of person in possession of the securities or who has the securities in his custody.

For the purpose of facilitating identification of controlled securities the Treasury may direct authorised dealers to affix to the securities so submitted to them their stamp together with such endorsement as the Treasury may determine.

(3) For the purposes of this regulation—

(a) “controlled security” means—

- (i) any security which is registered in the name of a non-resident, or of which a non-resident is the owner, or in which a non-resident has an interest;
- (ii) any security acquired from a non-resident or acquired outside the Republic, by any person, irrespective of the residence of such person;

(b) “non-resident” means a person resident outside the Republic;

(c) “nominee” means a person through whose agency all or any of the rights of the owner of a security are exercised.

#### PROHIBITION OF DEALINGS IN BEARER SECURITIES AND BEARER OPTIONS.

15. (1) No person shall pay any dividend or interest coupon issued in respect of any bearer security irrespective of whether such coupon became payable before or becomes payable after the commencement of this regulation.

(2) No person shall issue any bearer option or extend the currency period of any existing bearer option.

(3) No person shall dispose of, acquire or otherwise deal in—

- (a) any bearer security;
- (b) any bearer option issued after the date of publication of this Proclamation in the *Gazette*.

(4) The owner of any bearer security may with the permission of the Treasury and in accordance with such conditions as the Treasury may impose, convert such security into a registered security.

(5) Application for permission to convert any bearer security into any registered security shall be accompanied by a sworn declaration in such form as the Treasury may prescribe, duly completed by the owner of the security or his authorised agent.

(f) ’n geldwaardige papier wat aan ’n nie-inwoner behoort of waarby ’n nie-inwoner belang het, oordra van ’n Verenigde Koninkryk-register of van die Londense afdeling van ’n register na ’n Suid-Afrikaanse register of na ’n afdeling van ’n Suid-Afrikaanse register nie.

(2) (a) Iedereen wat beheerde geldwaardige papiere hou, besit of in sy bewaring het, moet dié geldwaardige papiere aan ’n gemagtigde handelaar stuur binne dertig dae na die datum van inwerkingtreding van hierdie regulasie, of binne dertig dae na die datum waarop hy die houer van dié geldwaardige papiere geword het of waarop sodanige geldwaardige papiere in sy besit gekom het of in sy bewaring geplaas is, naamlik die laatste datum.

(b) Die geldwaardige papiere wat ingevolge paragraaf (a) gestuur word, moet vergesel gaan van ’n lys wat die volgende besonderhede verstrek:—

- (i) Die volle naam en die land van verblyf van die eienaar of persoon wat by die geldwaardige papiere belang het, saam met ’n ondertekende verklaring deur die houer dat die eienaar of belanghebbende persoon na sy beste wete werklik in genoemde land woonagtig is.
- (ii) Die naam van die maatskappy of die liggaam wat die geldwaardige papiere uitgereik het.
- (iii) Die totale getal geldwaardige papiere.
- (iv) Die volle naam en die woonadres van die persoon in wie se besit of bewaring die geldwaardige papiere is.

Ten einde uitkenning van beheerde geldwaardige papiere te vergemaklik, kan die Tesourie gemagtigde handelaars gelas om op die geldwaardige papiere wat aldus aan hulle gestuur word, hul stempel af te druk en om enige aantekening wat die Tesourie mag bepaal, daarop aan te bring.

(3) Vir die toepassing van hierdie regulasie beteken—

(a) „beheerde geldwaardige papier” —

- (i) enige geldwaardige papier wat op naam van ’n nie-inwoner geregistreer is, of waarvan ’n nie-inwoner die eienaar is, of waarby ’n nie-inwoner belang het;
- (ii) enige geldwaardige papier wat van ’n nie-inwoner of wat buite die Republiek deur enige persoon verkry is, afgesien van die woonplek van sodanige persoon;

(b) „nie-inwoner”, ’n persoon wat buite die Republiek woonagtig is;

(c) „genomineerde”, ’n persoon deur wie se bemiddeling alle of enige regte van die eienaar van die geldwaardige papier uitgeoefen word.

#### VERBOD OP TRANSAKSIES IN GELDWAARDIGE TOONDERPAPIERE EN TOONDEROPSIES.

15. (1) Niemand mag ’n diwidend- of rentekoepon wat ten opsigte van ’n geldwaardige toonderpapier uitgereik is, betaal nie, ongeag of sodanige koepon betaalbaar geword het voor of betaalbaar word na die inwerkingtreding van hierdie regulasie.

(2) Niemand mag ’n toonderopsie uitreik of die looptyd van ’n bestaande toonderopsie verleng nie.

(3) Niemand mag—

- (a) ’n geldwaardige toonderpapier;
- (b) ’n toonderopsie uitgereik na die datum van afkondiging van hierdie Proklamasie in die *Staatskoerant*,

wegdoen, verkry of op ’n ander wyse daarin handel nie.

(4) Die eienaar van ’n geldwaardige toonderpapier kan met vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, die geldwaardige papier in ’n geregistreerde geldwaardige papier omsit.

(5) Aansoek om vergunning om ’n geldwaardige toonderpapier in ’n geregistreerde geldwaardige papier om te sit moet vergesel gaan van ’n beëdigde verklaring, in die vorm wat die Tesourie bepaal, wat behoorlik deur die eienaar van die geldwaardige papier of sy gemagtigde agent voltooi moet wees.

(6) (a) The Treasury or a person authorised by the Treasury may grant exemptions from the provisions of sub-regulations (1), (2) and (3).

(b) The provisions of sub-regulation (5) shall apply *mutatis mutandis* in respect of applications for exemption under paragraph (a) of this sub-regulation relating to bearer securities or to dividend or interest coupons issued in respect of such bearer securities.

(7) The provisions of this regulation shall apply in respect of all bearer securities and bearer options irrespective of whether such securities or options were or are issued inside or outside the Republic.

(8) For the purposes of this regulation "option" means the right to subscribe for or take up the whole or any part of an issue of capital.

#### CONTROL OF CAPITAL ISSUES.

16. (1) Except with the consent of the Treasury and in accordance with such conditions as the Treasury may impose, no person shall during any period of twelve months—

- (a) make in the Republic an issue or issues of capital which amount in the aggregate to more than ten thousand rand; or
- (b) renew or postpone the date of maturity of securities maturing for repayment in the Republic which amount in the aggregate to more than ten thousand rand.

(2) The Treasury may from time to time by notice in the *Gazette*—

- (a) exempt particular classes of issuers of capital, either generally, or in respect of particular classes of issues of capital, from the operation of sub-regulation (1); or
- (b) increase, either generally or in respect of particular classes of issues or issuers of capital, the aggregate exemption limit of ten thousand rand prescribed in sub-regulation (1);

and may by similar notice withdraw any such aforementioned notice or reduce to not less than ten thousand rand any exemption limit prescribed in any such aforementioned notice as the case may be.

(3) For the purposes of this regulation—

(a) a person shall be deemed to make an issue of capital who—

- (i) raises capital in the Republic by the issue, whether within or outside the Republic, of any securities or who issues any securities whether for cash or otherwise; or
- (ii) receives any money on loan on the terms or in the expectation that the loan will or may be repaid wholly or partly by the issue of securities or by the transfer of any securities issued after the making of the loan;

(b) the amount of capital issued or to be issued shall be deemed to be the amount to be raised by the issue or the total nominal value of the securities whichever is the greater.

(4) The raising of any loan by any local authority shall be deemed to constitute an issue of capital whether or not securities are issued or transferred in connection with such loan.

(5) No local authority shall without the written consent of the Treasury raise any loan outside the Republic.

(6) If in any advertisement, prospectus or other document which offers for subscription any securities there be included any statement intimating or purporting to convey that the Treasury has approved or consented to the issue

(6) (a) Die Tesourie of iemand deur die Tesourie gemagtig, kan vrystelling verleen van die bepalings van subregulasies (1), (2) en (3).

(b) Die bepalings van subregulasie (5) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van aansoeke om vrystelling kragtens paragraaf (a) van hierdie subregulasie wat betrekking het op geldwaardige toonderpapiere of op diwidend- of rentekoepons uitgereik in verband met sodanige geldwaardige toonderpapiere.

(7) Die bepalings van hierdie regulasie is van toepassing op alle geldwaardige toonderpapiere en toonderopsies, ongeag of die geldwaardige papiere of opsies binne of buite die Republiek uitgereik is of word.

(8) Vir die toepassing van hierdie regulasie beteken „opsie” die reg om in te skryf op ’n hele kapitaaluitgifte of op ’n gedeelte daarvan.

#### BEHEER OOR KAPITAALUITGIFTES.

16. (1) Behalwe met die vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, mag niemand gedurende enige tydperk van twaalf maande—

- (a) ’n uitgifte of uitgiftes van kapitaal binne die Republiek doen wat altesaam op meer as tienduise rand te staan kom nie; of
- (b) die aflosdatum van geldwaardige papiere wat binne die Republiek by verstryking van hul looptyd aflosbaar word en in geheel op meer as tienduise rand te staan kom, hernu of verleng nie.

(2) Die Tesourie kan van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

- (a) besondere klasse uitgewers van kapitaal, of in die algemeen of met betrekking tot bepaalde soorte uitgiftes van kapitaal, vrystel van die bepalings van subregulasie (1); of
- (b) die vrystellingsperk van tienduise rand wat in subregulasie (1) voorgeskrif is of in die algemeen of met betrekking tot bepaalde klasse uitgiftes of uitgewers van kapitaal, verhoog;

en kan by soortgelyke kennisgewing enige kennisgewing van voormelde aard herroep of enige vrystellingsperk wat in so ’n kennisgewing voorgeskrif is, verminder tot ’n bedrag van nie minder as tienduise rand nie, al na die geval.

(3) Vir die toepassing van hierdie regulasie—

(a) word iemand geag ’n uitgifte van kapitaal te doen as hy—

- (i) deur die uitgifte, binne of buite die Republiek, van geldwaardige papiere, kapitaal binne die Republiek opneem of as hy geldwaardige papiere, hetsy vir kontant al dan nie, uitgee; of
- (ii) ’n geldlening ontvang op voorwaarde of in die verwagting dat die volle of ’n gedeelte van die lening terugbetaal sal of kan word deur die uitgifte van geldwaardige papiere of deur die oordrag van geldwaardige papiere wat na die sluiting van die lening uitgegee is;

(b) word die kapitaalbedrag wat uitgereik is of sal word, geag die bedrag te wees wat verkry sal word deur die uitgifte of die totale nominale waarde van die geldwaardige papiere, naamlik die grootste bedrag.

(4) Die sluiting van enige lening deur enige plaaslike bestuur sal as ’n uitgifte van kapitaal beskou word, ongeag of geldwaardige papiere ten opsigte van die lening uitgereik of oorgedra word, al dan nie.

(5) Geen plaaslike bestuur mag sonder die skriftelike vergunning van die Tesourie ’n lening buite die Republiek sluit nie.

(6) As ’n advertensie, prospektus of ander dokument waarin enige geldwaardige papiere vir inskrywing aangebied word, ’n verklaring bevat wat te kenne gee of, na dit wil voorkom, te kenne gee dat die Tesourie die uitgifte

of the securities, such statement shall be included only at the top or commencement of the advertisement, prospectus or other document and shall be made and qualified in the following words:—

“The Treasury has consented under Exchange Control Regulation 16 to the issue of the securities referred to hereunder but that consent does not imply that the Treasury has investigated or is responsible in any way for the soundness of the proposals involved or for the correctness of any statements made or opinions or estimates given in connection with such proposals.”

#### BUSINESSES CONTROLLED BY PERSONS OUTSIDE THE REPUBLIC.

17. Where the control of any business is established outside the Republic, any transaction with a branch or subsidiary of such business in the Republic shall be treated as if the said branch or subsidiary were a separate person. The manager or controller of such branch or subsidiary in the Republic shall assume the same obligations under these regulations as he would have been required to assume if the said branch or subsidiary were independent of control from outside the Republic.

#### PROVISION OF SECURITY.

18. (1) The Treasury or a person authorised by the Treasury, may order any person to provide security, in such form and in such amount as the Treasury may determine, that he will comply, either generally or in respect of any particular transaction, with the provisions of any of these regulations specified by the Treasury or by a person authorised by the Treasury.

(2) Where any person who has provided security in terms of this regulation, has failed to comply with the provisions of the regulations in respect of which the security has been provided, the Treasury may direct that the said security shall be forfeited for the benefit of the Consolidated Revenue Fund.

The forfeiture of such security shall not prevent any other action against the person concerned for his failure to comply with the provisions of these regulations.

#### FURNISHING OF INFORMATION.

19. (1) The Treasury, or any person authorised by the Treasury, may order any person to furnish any information at such person's disposal which the Treasury or such authorised person deems necessary for the purposes of these regulations and any person generally or specifically appointed by the Treasury for the purpose may enter the residential or business premises of a person so ordered and may inspect any books or documents belonging to, or under the control of such person.

(2) If any person makes any statement in any information furnished in compliance with such an order which is in conflict with any other statement previously made by him in giving information required in connection with the subject matter of such order, he shall be deemed to have made an incorrect statement in terms of regulation 22 and may, on an indictment, summons or charge alleging that he made the two conflicting statements, be convicted of making an incorrect statement in contravention of the said regulation 22 upon proof of the two statements in question and without proof as to which of the said statements was incorrect, unless he proves that when he made each statement he believed it to be true.

#### EXEMPTION FROM STAMP DUTY.

20. Stamp duty shall not be chargeable on any document made for the sole purpose of meeting the requirements of these regulations.

goedgekeur het of daarin toegestem het, dan mag so 'n verklaring slegs as 'n aanhef of aan die begin van die advertensie, prospektus of ander dokument verskyn en moet dit in die volgende bewoording opgestel en gekwalifiseer wees:—

„Kragtens Deviesebeheerregulasie 16 het die Tesourie toestemming verleen tot die uitgifte van die geldwaardige papiere waarvan hieronder melding gemaak word, maar sodanige toestemming beteken nie dat die Tesourie ondersoek ingestel het na of op enigerlei wyse verantwoordelik is vir die betroubaarheid van die voorstelle wat gedoen word of vir die juistheid van verklarings, opinies of skattings wat in verband met die voorstelle gemaak of gegee is nie.”

#### BESIGHEDE WAT DEUR PERSONE BUITE DIE REPUBLIEK BEHEER WORD.

17. Waar 'n besigheid vanaf 'n plek buite die Republiek beheer word, word alle transaksies met 'n tak of ondergeskikte maatskappy van sodanige besigheid in die Republiek behandel asof so 'n tak of ondergeskikte maatskappy 'n afsonderlike persoon is. Die bestuurder of kontroleur van so 'n tak of ondergeskikte maatskappy in die Republiek moet dieselfde verpligtings ingevolge hierdie regulasies aanvaar as hy sou moes aanvaar het as voornoemde tak of ondergeskikte maatskappy onafhanklik was van beheer van 'n plek buite die Republiek.

#### SEKERHEIDSTELLING.

18. (1) Die Tesourie of iemand wat die Tesourie gemagtig het, kan enigeen beveel om in 'n vorm en tot 'n bedrag wat die Tesourie bepaal, sekerheid te stel dat hy, of in die algemeen of met betrekking tot 'n bepaalde transaksie, sal voldoen aan die bepalings van enigeen van hierdie regulasies wat deur die Tesourie of deur iemand wat die Tesourie daartoe gemagtig het, voorgeskryf mag word.

(2) Waar iemand wat ingevolge hierdie regulasie sekerheid gestel het, in gebreke gebly het om aan die bepalings van daardie regulasies ten aansien waarvan sekerheid gestel is, te voldoen, kan die Tesourie beveel dat die betrokke sekerheid tot voordeel van die Gekonsolideerde Inkomstefonds verbeur word.

Die verbeurdverklaring van voormelde sekerheid stuit nie die instelling van enige ander aksie teen die betrokke persoon weens sy versuim om aan die bepalings van hierdie regulasies te voldoen nie.

#### VERSTREKKING VAN INLIGTING.

19. (1) Die Tesourie of enige persoon wat die Tesourie daartoe gemagtig het, kan enigeen beveel om inligting waarvoor hy beskik en wat volgens die oordeel van die Tesourie of voornoemde gemagtigde persoon nodig is vir die toepassing van hierdie regulasies, te verstrek en enigeen wat in die algemeen of in die besonder deur die Tesourie vir dié doel aangestel is, kan die woon- of besigheidspersele van die persoon aan wie so 'n bevel uitgereik is, betree en enige boek of dokument wat aan so 'n persoon behoort of onder sy beheer is, ondersoek.

(2) As iemand by die verstrekking van inligting ooreenkomstig so 'n bevel 'n verklaring doen wat strydig is met 'n verklaring wat hy tevore gedoen het toe hy inligting wat in verband met die onderwerp van sodanige bevel nodig was, verstrek het, word hy geag 'n onjuiste verklaring ingevolge regulasie 22 te gedoen het en op 'n akte van beskuldiging, dagvaarding of aanklag waarin beweer word dat hy twee strydige verklarings gemaak het, kan hy skuldig bevind word aan die doen van 'n onjuiste verklaring in stryd met voormelde regulasie 22 by bewys dat die twee betrokke verklarings gedoen is en sonder bewys van watter een van die twee verklarings onjuis was, tensy hy bewys dat toe hy die verklarings gedoen het, hy in die juistheid van elkeen geglo het.

#### VRYSTELLING VAN SEËLREG.

20. Geen seëlreg mag gehef word nie op enige dokument wat enkel en alleen met die doel om aan die vereistes van hierdie regulasies te voldoen, opgestel is.

DECLARATION IN REGARD TO FOREIGN EXCHANGE  
PROCEEDS OF EXPORTS.

5. In terms of sub-regulation (10) (a) of regulation 6, the Treasury hereby prescribes that the declaration to be completed in respect of goods exported shall be in the following form:—

VERKLARING IN SAKE DIE VREEMDE VALUTA-OPBRENGS  
VAN UITVOERE.

5. Ingevolge subregulasie (10) (a) van regulasie 6, skryf die Tesourie hierby voor dat die verklaring wat ingevul moet word ten aansien van goedere wat uitgevoer word, in onderstaande vorm moet wees:—

F. 178.

DECLARATION IN REGARD TO FOREIGN EXCHANGE PROCEEDS OF EXPORTS.  
(For completion by consignor or person authorised by him.)

The Collector of Customs and Excise,  
at \_\_\_\_\_

I/We \_\_\_\_\_, for and on behalf of \_\_\_\_\_

Address \_\_\_\_\_

do hereby declare that the proceeds of the sale or disposal of the goods detailed in the schedule hereunder have been/will be—

\* (a) sold to \_\_\_\_\_ (name of authorised dealer) at \_\_\_\_\_

\* (b) exempted by the Treasury in terms of paragraph (7) of regulation 6 of the Exchange Control Regulations.

(\* Delete whichever is not applicable.)

Dated at \_\_\_\_\_ this \_\_\_\_\_ day of \_\_\_\_\_ 19 \_\_\_\_\_

Attested by \_\_\_\_\_

Authorised dealer.

Signature of declarant.

| Name of vessel or other mode of conveyance. | Number of packages or weight or quantity. | Description of goods. | Country of origin. | Name and address of consignee and country of ultimate destination. | Value. |                                    | Time and method of payment.<br>(State from whom and in what currency payment has been or will be received.) |
|---------------------------------------------|-------------------------------------------|-----------------------|--------------------|--------------------------------------------------------------------|--------|------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|                                             |                                           |                       |                    |                                                                    | F.O.B. | Full expected proceeds of exports. |                                                                                                             |
|                                             |                                           |                       |                    |                                                                    | R      | R                                  |                                                                                                             |
|                                             |                                           |                       |                    |                                                                    |        |                                    |                                                                                                             |
|                                             |                                           |                       |                    |                                                                    |        |                                    |                                                                                                             |
|                                             |                                           |                       |                    |                                                                    |        |                                    |                                                                                                             |

NOTE.—(A) In regard to the last column of the schedule, headed "Time and method of payment", it is essential that the following information be furnished:—

- (i) the name of the person or firm from whom payment has been or will be received;
- (ii) the approximate date of receipt in the Republic of the export proceeds; and
- (iii) the currency in which payment has been or is to be received, i.e. for—

(a) exports to the Sterling Area: Sterling, the currency of another country in the Sterling Area (specify) or rand from a Non-Resident Sterling Area Account;

(b) exports to the Non-Sterling Area: Sterling from an External Account, rand from an External Account or a Non-Sterling Area Currency (specify).

(B) All original forms F. 178 should be forwarded direct to the South African Reserve Bank, P.O. Box 427, Pretoria, by Collectors of Customs and Excise and Post Offices after acceptance by them.

F. 178.

VERKLARING IN SAKE VREEMDE VALUTA-OPBRENGS VAN UITVOERE.  
(Moet ingevul word deur afsender of iemand deur hom gemagtig.)

Die Ontvanger van Doeane en Aksyns,  
te \_\_\_\_\_

Ek/Ons \_\_\_\_\_, vir en namens \_\_\_\_\_

Adres \_\_\_\_\_

verklaar hierby dat die opbrengs van die verkoop of vervreemding van die goedere omskryf in onderstaande bylae—

\* (a) verkoop is/sal word aan \_\_\_\_\_ (naam van gemagtigde handelaar) te \_\_\_\_\_

\* (b) deur die Tesourie kragtens paragraaf (7) van regulasie 6 van die Deviesebeheerregulasies vrygestel is/sal word.

(\*Skrap wat nie van toepassing is nie.)

Gedateer te \_\_\_\_\_ op hede die \_\_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_ 19 \_\_\_\_\_

Geattesteer deur \_\_\_\_\_

Gemagtigde handelaar.

Handtekening van verklaarder.

| Naam van skip of ander voermiddel. | Getal pakkette of gewig of hoeveelheid. | Beskrywing van goedere. | Land van herkoms. | Naam en adres van geadresseerde en land van uiteinde-like bestemming. | Waarde. |                                       | Tyd en wyse van betaling.<br>(Meld van wie en in watter valuta betaling ontvang is of sal word.) |
|------------------------------------|-----------------------------------------|-------------------------|-------------------|-----------------------------------------------------------------------|---------|---------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------|
|                                    |                                         |                         |                   |                                                                       | V.A.B.  | Volle verwagte opbrengs van uitvoere. |                                                                                                  |
|                                    |                                         |                         |                   |                                                                       | R       | R                                     |                                                                                                  |
|                                    |                                         |                         |                   |                                                                       |         |                                       |                                                                                                  |
|                                    |                                         |                         |                   |                                                                       |         |                                       |                                                                                                  |
|                                    |                                         |                         |                   |                                                                       |         |                                       |                                                                                                  |

OPMERKING.—(A) Ten opsigte van die laaste kolom van die bylae, met die opskrif „Tyd en wyse van betaling”, is dit noodsaaklik dat die volgende inligting verstrek word:—

- (i) die naam van die persoon of firma van wie betaling ontvang is of sal word;
- (ii) die benaderde datum van ontvangs in die Republiek van die opbrengs van uitvoere; en
- (iii) die valuta waarin betaling ontvang is of sal word, naamlik vir—

(a) uitvoere na die Sterlinggebied: Sterling, die valuta van 'n ander land binne die Sterlinggebied (spesifiseer), of rand van 'n nie-inwoner-Sterlinggebiedrekening;

(b) uitvoere na lande buite die Sterlinggebied: Sterling van 'n Eksterne Rekening, rand van 'n Eksterne Rekening, of 'n nie-Sterlinggebiedvaluta (spesifiseer).

(B) Ontvangers van Doeane en Aksyns en Poskantore moet alle oorspronklike vorms F. 178 wat hulle aangeneem het, regstreeks aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank, Posbus 427, Pretoria, stuur.

DECLARATION OF FOREIGN ASSETS AND LIABILITIES.

6. In terms of sub-regulation (1) of regulation 6 and sub-regulation (1) of regulation 7, the Treasury hereby prescribes that the declaration to be completed in respect of foreign assets and liabilities shall be in the following form:—

DECLARATION OF FOREIGN ASSETS AND LIABILITIES AS AT ..... IN TERMS OF EXCHANGE CONTROL REGULATIONS 6 AND 7.

Name and address of resident individual/branch/company/unincorporated enterprise (*delete inapplicable terms — see Instructions 5 and 6 below*):—

I declare that the information submitted in this return is complete and correct to the best of my knowledge.

.....(Signature)  
.....(Official position)

My/Our bankers are (*give branch address*):—

INSTRUCTIONS.

- Returns are to be rendered to a commercial bank or the South African Reserve Bank not later than.....
- Foreign assets and liabilities should be recorded in rand as at..... and the rate used for converting foreign currencies as well as the basis of valuing securities, fixed property and inventories, should be stated at the end of this form.
- South-West Africa and the High Commission Territories should be treated as part of the domestic territory and not as foreign.
- South African branches and subsidiaries of foreign companies are "residents" of South Africa for exchange control purposes and must report their position *vis-à-vis* their head offices or parent companies accordingly.
- If doubt is experienced whether foreign activities should be regarded as those of a foreign branch, Section C below may be omitted provided that all relevant foreign assets and liabilities are reported under Sections A and B.
- A share or beneficial interest in a foreign unincorporated enterprise(s) (i.e. partnerships, sole proprietorships, etc.) should be reported in Item 9 below and a copy of the latest balance sheet(s) of such enterprise(s) should be appended.
- The latest balance sheet of each foreign subsidiary should be appended.

